Fanie Botha staproete: Norie Nomades stapklub (Wes-rand)

“Nature is a volume of which God is the author”

Sulke ware woorde wat ek weereens tydens hierdie ongelooflike stap roete besef het. Dit was ‘n onvergeetlike ervaring wat eintlik onmoontlik is om in woorde te verduidelik.

Dag 1: 2 Oktober 2015

Met swaar gepakte tasse, stapskoene en hope vol energie was ons almal dou voor dag by die skool en gereed om die Fanie Botha staproete aan te pak. Min het ons geweet wat se prag en UITDAGINGS vir ons gewag het. Na ongeveer ‘n 5 ure rit vanaf Krugersdorp het ons by *base camp* Sabie gearriveer met ‘n asemrowende uitsig van moeder natuur wat op ons wag.

Met n onverwagte steil klim sommer vroeg aan die begin van die roete, is ons almal vinnig sonder asem gelos. Gelukkig het die vars onbekende reuke van die natuur en pragtige omgewing en die wil om meer te ontdek ons nuwe krag gegee om weer in die pad te val.

Tot ons groot verbasing het ons ‘n paar uur later besef dat ons die verkeerde afdraai pad gevat het, toe ons deur enkel diep modder poele moes loop. Die brawes tussen ons het toe hul stapskoene uitgetrek en met ‘n skoen in elke hand verder gestap.

Na ‘n ruk se geploeg deur die modderwater het ons uiteindelik by die *Lone creek falls* uitgekom waarvan ons gelyk was met die bo punt van die waterval . Die uitsig was pragtig en natuurlik die mooiste agtergrond vir fotos.

Na ‘n ruk van bewondering en ‘n slukkie water het ons aan gestap, hierdie keer op die regte pad! Klipperige op en afdraande was ons voorland en eers na ‘n hele paar kilometers het ons by **Maritzbos Hut** aangekom.

Ons is voorsien met “*bunk beds*”, mattrasse, ‘n toilet, koue storte en ‘n onderdakse vuurmaak plek. Nadat almal ‘n vinnige stort gevat het was ons geseën met ‘n bietjie reën en het ons, ons gasstofies aangesit en vir ons aandete voorberei. Ons het die dag afgesluit met ‘n paar kaart speletjies en toe snoesig in ons slaapsakke ingeklim. Die gesing van die natuur was ‘n onheroeplike geluid en voor jy weer kon kyk was almal vas aan die slaap.

Dag 2 : 3 Oktober 2015

“*The early bird catches the worm”.*
Met slaapsak en al was ons almal al vroeg wakker en het ons met groot afwagting op die son gewag om sy verskyning oor die hoe bome te maak.

Na ‘n vinnige ontbyt was ons reg om dag twee aan te pak, hierdie 13 km roete het ons dan vanaf Maritzbos Hut tot Stables hut gevat.

Ons het begin met ‘n steil klim deur ‘n reënwoud, waar ons deur helderwaterstrome moes gaan. Ons het ook verby klein watervalle gestap en kon toe ook skaars plant spesies en spinnekoppe bewonder...

Die roete het ons verder verby yskoue watergatte gevat waar ons, ons bottels kon vol maak. Hierdie water was so koud dat dit as die perfekte yskas gedien het. Dit was absoluut pragtig tussen die rare spesies plante en dik bebosde bome. Die bome het beslis baie beskerming teen die hittige son gebied . Ons het ook groot, hoë rotse op en af geklim om by die groot watervalle uit te kom. Natuurlik kon ons nie die kans laat verby gaan om te swem nie en van die stappers het toe sonder om 2 keer te dink in die yskoue water ingespring.

Ons het toe kranse uit geklim om die Hartebeesvlakte te bereik. Die laaste paar kilometers van die roete het uit Denne planttasies bestaan en al was die son en swaar rugsakke so nou en dan bietjie uitputtend het ons

al singend (letterlik) die res van die plat oppervaktige roete gestap. Daar was dieselfde fassiliteite soos by Maritzbos Hut.

Na ‘n klein blaaskansie, wardeering van ons ongelooflike uitsig van berge, bome en wilde bokke. Na ‘n vinnige stort en aandete, het ons weer ons slaapsakke uitgerol en onder die sterre gaan lê. Die melkweg was duidelik sigbaar en die hemelruim was versier met duisende sterre. PS: “Ek dink nie jou wens gaan waar as jy vir die verskietende sterre lê en wag nie” het ek een van my mede stappers hoor sê.

Dag 3: 4 Oktober 2015

Dit het gevoel soos ‘n wedloop toe almal eerste probeer klaar wees het om die son se opkoms te sien. Tot gevolg was almal al vroeg oggend wakker.

Na ontbyt het ons rustig klaar gemaak. Al was party van ons se spiere lekker styf van die vorige dag se rowwe klim oor rotse, bome en kranse het ons met ‘n glimlag in die pad geval. Dag 3 se 16km roete het ons al langs die res van die rye Denne plantasies geneem, waar die son kol-kol deur gekom het. Die roete het toe sy pad op na “Mount Moodie” gemaak, waar ons versigtig moes loop oor al die los klippe. Hier het ons dit van pas gevind om ons Sondag op die regte manier te begin, deur Bybel te lees en een van God se wonderwerke, die groen Sabie vallei te wardeer. Verder het ons oor groot rotse geklim. Steil opdraandes sowel as baie rotsagtige afdraandes het die res van ons 16 km uit gemaak. Na ‘n lang dag, seer spiere, blase en lam bene het ons die laaste, steil 200m tot by Mac Mac Hut gestap.

Mac Mac Hut het ook “bunk beds”, toilette en ‘n braai area voorsien en ongelukkig geen stort nie. Gelukkig het meeste van ons “wet wipes” gehad en was ons eintlik te dankbaar om dit te gebruik, want dit was iets minder om die volgende dag te dra.

Na ‘n klein rukkie se slaap het ons rustig aandete geeët met die pragtige geluide van wilde diere en die koel windtjie in die agtergrond. Party van die dapper stappers het die area toe verder gaan ontdek en het toe die immer groen bome en plaas trekker as perfekte plek vir ‘n “photoshoot” gesien. Meeste van ons kon nie wag vir die sterre om weer hul verskyning te maak nie en het daarom sommer vroeg ons slaapsakke op die gras gaan neerlê.

Dag 4: 5 Oktober 2015

Met vuil skoene, leë rugsakke en stywe bene het ons almal vroeg opgestaan om die laaste dag van ons 4 dag staproete aan te pak . Hierdie roete was ‘n 11km stap, wat ons vanaf Mac Mac Hut tot by Graskop hut geneem het. Ons het meestal op plat areas gestap, klein heuweltjies en ‘n boomstomp of rots so nou en dan, was ons grootste uitdaging. Die vars reuk van die dou drippeltjies op die blare en geen karre wat raas of mense wat agter tyd aan hardloop nie, het my net weer laat besef hoeveel keer ons die natuur en al sy wonders, wat niemand eers van weet, vernietig of min ag. Die stilte onder die groen koelte bome was defnintief ‘n lekker geleentheid om lekker te klets en almal beter te leer ken.

Ons het vroeg middag al by Graskop Hut aan gekom waar ons voorsien is met ‘n vuurmaak plek, “*tripplebunkbeds*” en storte. Na n verfrissende stort het ons so bietjie tyd op ons hande gehad en het ons die voorreg gehad om na *God’s window* en *Potholes* toe te gaan.

Na ‘n vinnige draai by die naaste Spar het ons, ons pad terug na Graskop Hut gemaak waar ons toe lekker rondom die vuur kon sit en speletjies speel.

Daarna het ons vir die laaste keer onder die sterre gaan lê, voordat

ons alles moes gaan oppak en regmaak vir die volgende dag se reis terug Krugersdorp toe.

Die Fanie Botha is beslis een van die mees uitdagende staproetes, maar dis absoluut een van die mooistes ook. Dis defnintief 'n "*once in a lifetime experience*" en ek glo nie woorde sal ooit genoeg wees om al die mooi goed wat ons waargeneem het te beklemtoon nie.

Geskryf deur: Bebruchka-Ann Olwagen (Gr 9 leerder)

ingegestuur aan VOSA deur Laetitia **(** laetitiadeetlefs@gmail.com **) 2015/10**